Ark Blitz

Illustrasie:

*Blinddoek iemand en speel "Pin the tail"

* Proe lensie sop

* Prente van 'n doolhof en verbind die kolletjies

*Rolspel: "sê nou jy kon vir ….. raad gee."

Seën = Om God se guns, voorspoed, goeie wens aan ander te gee

Liewe Ouers

God is die Meester- planmaker. Al was Jakob 'n oneerlike bedrieër en daarom 'n swak skakel in God se kettingplan, het God die liefde en geduld om Jakob te **verander**. God se genade en liefde is groter as Jakob en sy familie se hebsug. Ons kyk hoe pas die 5de gebod in by die verhaal.

Les 21 - BLIND VIR GOD SE KETTINGPLAN

Maats lees: Gen 25-27

In vandag se verhaal lees ons van 'n familie wat gedink het mense (seuns), besittings (erfporsies) en status (eersgeboortereg) sal hul gelukkig maak. Abraham het gesterf, Isak en Rebekka het nog nie kinders gehad nie. Isak het vir God gevra om vir hom en Rebekka 'n kind te gee. Kort daarna was Rebekka swanger – met 'n tweeling. Sommer gou het Rebekka agtergekom dat die twee kinders nie so goed met mekaar oor die weg kom nie. Rebekka kon dit nie verstaan nie, maar God het aan haar gesê hierdie tweeling sou die leiers van twee verskillende volke word. Die een sou sterker wees as die ander en die oudste broer sal altyd die jongste broer gehoorsaam. Dit sê vir ons: Al seën God jou, beteken dit nie noodwendig dat dit altyd met jou sal goed gaan nie. Rebekka het besef God se plan speel af in 'n onvolmaakte wêreld waar mense baklei en mekaar selfs wil doodmaak. Esau is eerste gebore en het die status van "eersgeborene" ontvang. Hy was die belangrikste seun in die familie. Hy sou die meeste van sy pa se besittings erf. Esau het rooi hare gehad en was baie harig, daarom het hy die bynaam Edom gekry, wat "rooi" beteken. Jakob is tweede gebore en het met geboorte aan sy broer se hakskeen vasgehou, daarom die bynaam "hakskeengryper". Dit klink in Hebreeus byna dieselfde as "bedrieër". Wat die verhouding tussen die twee broers nog moeiliker gemaak het, was dat Isak vir Esau voorgetrek het omdat albei lief was vir wildsvleis en die veld. Rebekka het weer vir Jakob voorgetrek wat lief was vir tuisbly. Jakob kon lekker kos maak. Op 'n dag het Jakob heerlike sop gekook. Esau was doodmoeg en baie honger. Esau het vir Jakob gesê: "Gee vir my van daardie sop, ek is doodmoeg!" Jakob het Esau geantwoord: "Jy is mos die oudste boetie. Jy gaan twee keer soveel as ek erf as pa doodgaan. Belowe eers dat ek kan erf wat jy veronderstel is om te kry." Esau het gesê: "Ek is buitendien besig om dood te gaan van die honger. Wat sal my erfgoed dan help. "Esau het met 'n eed belowe en so sy eersgebore reg verkoop aan Jakob inruil vir die sop. Esau het klaar geëet, opgestaan en sonder 'n woord uitgestap. Jakob was lekker skelm. Hy het die feit dat sy broer honger en moeg was tot sy voordeel gebruik. Jakob het eintlik Esau bedrieg en sy erfporsie gesteel sonder dat Esau dit besef het. Isak was baie oud en swak. In daardie tyd het 'n pa, voordat hy sterf, sy oudste seun op 'n besondere manier geseën. Isak het vir Esau geroep en vir hom gevra om vir oulaas vir hom 'n spesiale ete van wildsvleis voor te berei sodat hy daarna vir Esau as oudste seun kon seën. Rebekka het alles gehoor en 'n plan beraam sodat dit eerder haar gunsteling seun was wat die seën moes ontvang. Sy het Jakob twee bokkies laat slag en die ete vir Isak voorberei. Vir Jakob het sy van Esau se klere laat aantrek en ook die velle van die bokkies opgesny en oor Jakob se hande en nek gebind. So sou Isak die lang hare voel, die klere ruik en dink dit is Esau. Toe Isak klaar geëet het, het hy vir Jakob laat naderstaan en hom gesoen soos die gebruik was. Jakob het sy klere geruik en was heeltemal seker dat Esau by hom is en nie Jakob nie. Isak het Jakob geseën. Jakob het nie net sy broer bedrieg nie maar ook sy pa. Op 'n skelm manier het hy sy broer se eersgebore reg en seën gesteel! Dink net hoe Isak gevoel het – sy eie seun het hom bedrieg. Esau was baie kwaad en wou Jacob doodmaak. Rebekka het dit gehoor en Jakob laat vlug na haar broer Laban in Haran. Al lyk dit of Jakob God se plan verongeluk het, het God die liefde en geduld om Jakob te verander sodat sy plan uitgevoer kan word.